



“Volkshelde”: die Boerekrygerbeeld en die konstruksie van Afrikanernasionalisme¹

Kobus du Pisani
Vakgroep Geskiedenis
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM
E-pos: gskjadp@puknet.puk.ac.za

Abstract

“Volkshelde”: The image of the Boer warrior and the construction of Afrikaner nationalism

This article deals with the way in which the heroic image of the Boer warrior, who fought in the South African War, was adapted to particular socio-political needs in different phases of the development of Afrikaner nationalism. It is indicated how, in the pre-1961 period, potentially unifying elements of the image (the freedom struggle against British imperialism, the “bittereinder” metaphor, the republican ideal, a common religion and the allegedly egalitarian nature of the commando system) were used to promote “volkseenhed”. Post-1961 texts in Afrikaans historiography and literature are analysed to indicate how the Boer warrior image has been reconceptualised. This reconceptualised image is depicted against the background of changing fortunes for the Afrikaner, to reflect transforming Afrikaner values.

1. Inleiding

Helde vervul ’n belangrike funksie in ’n proses van nasionalistiese mobilisering. Saam met simbole en rituele onderskraag heldefigure die waardestelsel onderliggend aan ’n bepaalde kultuur. Die historiese beelde wat van heldefigure in ’n kultuurgroep se kollektiewe bewussyn geskep word, is sigbare gestaltes van

1 Erkenning word verleen aan die bydrae van Louis Grundlingh, Departement Geskiedenis, RAU, tot ’n vroeëre weergawe van hierdie teks, wat as ’n gesamentlike referaat by Unisa se konferensie oor die Suid-Afrikaanse Oorlog in Augustus 1998 aangebied is.

onsigbare kulturele inhoude wat slegs van binne-af deur die lede van die kultuurgroep geïnterpreteer kan word (Hofstede, 1991:7-8).

Onder die verskillende beelde wat in die loop van die twintigste eeu aangewend is om Afrikanernasionalisme te onderskraag, beklee die Boerekryger uit die Suid-Afrikaanse Oorlog² 'n ereplek as volksheld. Die standaard heroïese beeld wat Afrikanernasionaliste van die Boerekryger gevorm het, kan soos volg uitgedruk word: Die twee Boererepublieke se burgers op kommando was patriotiese krygers, uitstekende ruiters en skuts, dapper vegters met onwrikbare geloof in God. Hulle het teen die mag van Britse imperialisme 'n heldhaftige stryd gevoer vir die handhawing van die nasionale onafhanklikheid van die Afrikaner.

Volgens Danie Theron, die bekendste Boereverkenner, was die Boere 'n volk van krygers wat met perd en geweer grootgeword het (Wheeber, 1933:63). Generaal Jan Kemp het die Boere as die beste skuts en verkenners ter wêreld beskou. Volgens hom was een Boer tien Kakies werd (Kemp, 1941:165, 166, 173). Generaal Christiaan de Wet, die meester van guerrillataktiek, wat die Britse magte telkens op wonderbaarlike wyse ontwyk het, was die Boerekrygerheld *par excellence* (kyk o.m. Kestell, 1920; Rosenthal, 1946; I.J.C. de Wet, 1954; Van Schoor *e.a.*, 1954; Olivier, 1971. Kyk ook Fig. 1).

Heroïese beskrywings van die Boerekryger was nie tot Afrikaanse tekste beperk nie. Ook Engelse outeurs het die dapperheid en krygsvernuif van die Boere besing. Sir Arthur Conan Doyle se boek oor die oorlog begin met 'n gloeiende beskrywing van die karaktereïenskappe van die Boere, "the most formidable antagonist who ever crossed the path of Imperial Britain" (Conan Doyle, 1900:1). 'n Amerikaanse joernalis, Howard C. Hillegas (1900), het eweneens groot bewondering vir die Boere se krygsvermoë en morele krag gehad. 'n Jong Engelse soldaat het aan sy predikantvader tuis geskryf dat daar byna iets goddeliks omtrent die bebaarde Boerekrygers tydens 'n veldslag was (Meintjes, 1978:93).

In pro-Boer beeldende kunswerke (sketse, skilderye, foto's en beeldhouwerke) word iets van die militêre uitnemendheid van die burgers op kommando vasgevang.

2 In 'n ander artikel in hierdie uitgawe word die verskillende name vir die oorlog van 1899 tot 1902 bespreek. In hierdie artikel word die inklusiewe naam "Suid-Afrikaanse Oorlog" gebruik.



Figuur 1

Generaal de Wet se wonderbaarlike ontduiking van die Britse magte was legendaries, soos blyk uit hierdie Franse spotprent (Pretorius, 1985:87).

Daar bestaan nie twyfel oor die meerderheid Boerekrygers se heldhaftigheid en militêre vermoë nie. Die Britte kon slegs weens hulle getaloorwig die oorlog wen. Verder staan die regverdigheid en eerbaarheid van die saak waarvoor die Boere geveg het bo verdenking. Daar was dus onteenseglik 'n heroïese element in die Boere se stryd.

Tog vertel die Afrikanernasionale standaardbeeld van die Boerekryger nie die volle verhaal nie. Dit spreek van heldeverering vir die bittereinders, terwyl die hensoppers en joiners, wie se onheroïese optrede in Afrikanernasionale kringe geminag is, gerieflikshalwe verswyg is. Hierdie eensydige beklemtoning van die heroïese seksie onder die Boerekrygers het deel van die Afrikanernasionale mitologie geword. Aspekte van die Boerekrygerbeeld is op so 'n wyse in verskillende fases van die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme belig dat dit die politieke doelstellings van die tyd ondersteun het.

In hierdie artikel word gefokus op die aanwending van die Boerekrygerbeeld as metafoor van Afrikanereenheid tot ongeveer 1961 en die herkonseptualisering daarvan na 1961.

2. Die Boerekryger as metafoor vir Afrikanereenheid

Die primêre funksie waarvoor die Boerekrygerbeeld in die Afrikaanse hoofstroompolitiek aangewend is, was die bevordering van Afrikanereenheid. Politieke verdeeldheid onder Afrikaners het in 'n mindere of meerdere mate dwarsdeur die twintigste eeu voorgekom. As teenvoeter daarvoor het die Afrikanernasionalistiese elite voortdurende pogings aangewend om Afrikaners etnies te mobiliseer.

Tydens die oorlog was alle Afrikaners nie verenig nie. Daar was verskillende groepe Afrikaners: *bittereinders*, wat tot die vredesluiting vir die ideaal van vryheid bly veg het; *boslansers*, wat uit vrees vir gevangeneeming deur die Engelse aanhou veg het, *krygsgevangenes*, wat gevange geneem en na konsentrasiekampe gestuur is, *hensoppers*, wat die wapens neergelê het om na hul huise te kan terugkeer en *joiners*, wat verraad gepleeg het deur as National Scouts by die Britse magte aan te sluit (Mostert, 1933d:27). Binne die regerings van die Boererepublieke was daar van tyd tot tyd onenigheid oor oorlogsbeleid (Wheeber, 1934:23). Selfs in die kommando's was daar gevalle van interne verdeeldheid oor leierskap, doelstellings en strategie, en teen die einde van die oorlog ook oor die neerlegging van wapens (Kestell, 1920:77; Viljoen, 1902: 217-9). Pretorius (1998:17) meen dat die politieke breuk tussen Afrikaners sedert 1912 na die oorlog teruggevoer kan word. Afrikanerleiers moes oproepe tot eenheid onder Afrikaners doen. Waarnemende president Burgers van die Transvaal het byvoorbeeld aan die einde van die oorlog gepleit dat die ontroue burgers nie opsygeskuif moes word nie, maar dat vergewe en vergeet moes word (Kestell, 1903:343).

Weens die uiteenlopendheid van houdings oor die oorlog in Afrikanergeledere was die Boerekryger nie 'n eenheidsmetafoor *per se* nie. In die jare onmiddellik na die oorlog was daar die gevaar van provinsialisme in die proses van die amalgamasie van twee voormalige Boererepublieke en twee voormalige Britse kolonies in 'n eenheidstaat. Verder was daar steeds verskille onder Afrikaners oor hulle politieke doelstellings. Ondanks pleidooie vir volkseenheid het hierdie verskille mettertyd tot die stigting van verskillende politieke partye gelei.

Tog het Afrikanernasionalistiese leiers die potensiaal van die Boerekrygerbeeld vir politieke mobilisering besef. Hulle strewende was die verwesenliking van die ideaal van volkseenheid deur die vereniging van alle Afrikaners. Deur op bepaalde eienskappe te fokus, kon die Boerekryger in 'n eenheidsmotief en sodoende in 'n waardevolle kulturele kommoditeit omskep word. 'n Aantal van hierdie eienskappe, wat in verskillende periodes van die konstruksie van Afrikanernasionalisme op verskillende wyses vir mobiliseringsdoeleindes ingespan is, word bespreek.

2.1 Vryheidsvegter teen Britse imperialisme

Op dan broers, en druk hul spoor!
 Voorwaarts, broers, die vierkleur voor!
 Laat die veld ons krygsgroep hoor:
 Vryheid, Vryheid! (Celliers, 1920:73).

Dit is bekend dat die Suid-Afrikaanse Oorlog die opwelling van 'n landswyse Afrikanernasionalisme aan die begin van die 20ste eeu gestimuleer het en dat hierdie nasionalisme soos baie ander Afrika-nasionalismes op anti-imperialistiese en spesifiek anti-Britse sentimente gegrondves was. Indien die beeld van die lydende Boerevrou in die konsentrasiekamp onder Afrikaners die mees emosioneel gelade anti-Britse metafoor was, dan was die beeld van die Boerekryger as vryheidsvegter die mees nasionalistiese.

In die eerste dekades na die oorlog het die ontwikkeling van 'n kragtige Afrikaanse nasionale bewussyn uitdrukking gevind in emosionele geskrifte oor die oorlog, geskryf deur persone wat self aan die oorlog deelgeneem en die trauma daarvan ervaar het. Behalwe publikasies waarin die Boereperspektief op die oorlog gegee is (De Wet, 1902; Viljoen, 1902; Naudé, 1903; Brandt, 1913; Reitz, 1929), was daar ook oorlogspoësie deur Afrikaanse digters (Totius, 1908; Celliers, 1908; Leipoldt, 1911), 'n paar Afrikaanse oorlogsromans (De Waal, 1912; Malherbe, 1913; Van Bruggen, 1916; kyk Nienaber, 1938:87-102) en talle artikels, gedigte en verhale in populêre Afrikaanse tydskrifte soos *Die Brandwag* wat sedert 1910 en *Die Huisgenoot* wat sedert 1916 uitgegee is.

Die kragtigste saambindende motief in die opkomende Afrikanernasionalisme in die onmiddellike post-oorlogperiode was die strewende na die herstel van nasionale

vryheid en selfbeskikking. Volksvryheid was in die oë van die Afrikanernasionalis waardevoller as enigiets (Kestell, 1920:114). Hierdie motief het vooropgestaan in die oorlogspoësie van Afrikaanse digters (soos in die aanhaling hierbo), in die eerste geslag Afrikaanse geskiedskrywing oor die oorlog en in gepubliseerde oorlogsherinnerings en -dagboeke.

As die versinnebeelding van die Afrikaner se vryheidsdrang was die heroïese Boerekryger van kardinale belang vir diegene wat die nasionale eenheid van die Afrikaner wou bevorder. Die Boerekryger het naamlik geveg vir die edelste van alle sake, naamlik om die Afrikaner se vryheid teen Britse imperialistiese oorheersing te beskerm. Op kommando het hy vir die vryheidsideaal die verskriklikste ontberings deurgemaak (beskryf in ooggetuieverslae soos Slegtkamp se oorlogsherinneringe, *Die Huisgenoot*, 2 Junie – 3 November 1933 en Jan F.E. Celliers se oorlogsdagboek, *Die Huisgenoot*, 6 Desember 1935 – 28 Februarie 1936). Die Boerekryger het dit as sy heilige plig beskou om alles – besittings, gerief en selfs sy lewe – vir volk, vaderland en vryheid op te offer (Kemp, 1941:165, 291; Kestell, 1920:95). In Afrikaanse geskrifte is nie slegs die militêre bevelvoerders nie, maar ook gewone Boerekrygers tot heldestatus verhef.

Om die heroïese element skerper te belig, is die beeld van die Boerekryger met dié van sy vyande en verraaiers gekontrasteer. In Afrikaanse tekste is na die lede van die Britse magte as “soldate” verwys, met die implikasie dat hulle teen betaling aan die oorlog deelgeneem het. Die Boere op kommando is nooit soldate genoem nie, maar “burgers”, wat aangedui het dat hulle uit patriotisme vir die vryheid van hul vaderland geveg het. In Afrikanernasionalistiese uitbeeldings van die twee vegtende partye het die Boere vir vryheid geveg, die Engelse vir imperialistiese uitbreiding; die Boere was dapper en knap vegters, die Engelse was lafhartig en onbeholpe; die Boere het menslikheid en medelye betoon, die Engelse was wreed en harteloos, die Boere het die reëls van beskaafde oorlogvoering gevolg, die Engelse nie (kyk o.m. Viljoen, 1902:172, 340; Kemp, 1941:436; Kestell, 1920:123; Naudé, 1903:266; Marais, 1919:81; Smith, 1938:27; Mostert, 1933a:19; Wheeber, 1935:19; Déki, 1939:21).

Vir joiners of “Judas-Boere” het Afrikanernasionalistiese skrywers net veragting gehad. Hulle is beskou as uitvaagsels en lae verraaiers wat deur hulle verraad die Boere se gees van verset gebreek het (Viljoen, 1902:176; Kestell, 1920:124; Strydom, 1974:38) en ’n aartssonde gepleeg het deur teen God se saak met die Boerevolk op te tree (Pretorius, 1991:197). In verskeie Afrikaanse verhale is die bittereinder as die held en die joiner as die skurk uitgebeeld (kyk Nienaber, 1938:83, 93, 96, 99).

Bloed en grond was in die Afrikaanse kollektiewe bewussyn belangrike elemente van die eenheidsideaal. ’n Gedig in *Die Brandwag* (28 Junie 1910:93) met die titel “Een bloed”, oor burgers van die Transvaal, Vrystaat en Kaap wat

skouer aan skouer in dieselfde veldslag gesneuwel het, was 'n tipiese voorbeeld van hoe die Boerekrygermetafoor gebruik is om die ideaal van Afrikanereenheid te bevorder. In 'n patriotiese gedig in *Die Huisgenoot* (Mei 1918:353), "Die gesneuwelde held", ontvang die aarde die liggaam van die Boereheld wat op die slagveld sterf. Daardeur word die band tussen die burger en die grond van die vaderland gesimboliseer.

Die motief van die Boerevolk se vryheidstryd teen Britse oorheersing het na die oorlog vir meer as vier dekades sterk in Afrikanerpolitiek gefigureer so lank as wat Engelssprekendes as 'n wesenlike bedreiging vir Afrikanermag beskou is. Tydens hulle verstedelingsproses in hierdie dekades het Afrikaners hulle weer in 'n vreemde Engelsgedomineerde stedelike omgewing bevind en het die herinnering aan die stryd teen Britse dominasie in die oorlog nuwe relevansie gekry.

Na die Nasionale Party se verkiesingsoorwinning in 1948 en in die proses van die konsolidering van Afrikanermag in die daaropvolgende dekades het die anti-Britse motief al meer op die agtergrond verdwyn in vergelyking met die wit-swartmagstryd.

2.2 Die bittereinder-metafoor en die republikeinse strewe

Afrikanernasionalistiese vertolkings van die oorlog het vir byna ses dekades geskied teen die agtergrond van die ideaal van die herstel van die Boere-republieke as die eindpunt van die politieke stryd van die Afrikaner. Ondanks die verlies van onafhanklikheid met die ondertekening van die Vrede van Vereeniging het Afrikaners nooit die hoop laat vaar dat daar uit die smeltkroes van die oorlog 'n verenigde Afrikanervolk sou verrys en dat hulle politieke onafhanklikheid eendag herstel sou word nie. Die ideaal van die heroprigting van 'n Afrikanerrepubliek het 'n verenigende strewe geword onder nasionalistiese Afrikaners (kyk Grobler, 1937:130; Kestell, 1903: 341-342).

In uitbeeldings van die Boerekryger is die bittereindergees voorgehou as 'n aanduiding van geloof in die toekoms van die Afrikanerdom. Die feit dat die bittereinders aanhou veg het selfs toe hulle besef het oorwinning is nie meer moontlik nie, is gekoppel aan die oortuiging dat die Afrikanervolk sal oorleef ten spyte van swaarkry en tydelike terugslae. Ondanks 'n periode van moedeloosheid tydens die oorlog na Cronjé se oorgawe by Paardeberg (kyk Kestell, 1920:65; De Wet, 1902:42; Kemp, 1941:317; Mostert, 1933c:63; Mostert, 1933d:27), is die bittereindergees nie geblus nie. Nadat president Steyn in 1901 'n beroep op burgers gedoen het om vas te staan en hulle broers te bemoedig, en die hoop uitgespreek het dat die volksgees sal herleef (Kestell, 1920:120-1), het talle burgers inderdaad moed geskep om voort te gaan met die stryd. Die bittereinders het in die later fases van die oorlog geredeneer dat hulle niks meer het om te verloor nie en alles om te wen, indien hulle aanhou veg (Mostert,

1933e:29; Strydom, 1974:159). Onder Afrikanernasionaliste is die bitter-eindergees nie as hardkoppigheid nie, maar as edelmoedige dapperheid beskou (Standertonner, 1935:63).

In die koppeling tussen die republikeinse ideaal en die bittereinder-metafoor is nasionalistiese en godsdienstige elemente vermeng (kyk Pretorius, 1990a:63). Afrikaanse outeurs het beklemtoon dat selfs aan die einde van die oorlog die Boere se politieke en militêre leiers nie hulle onwrikbare geloof in die toekoms van die Afrikanervolk verloor het nie (kyk bv. Wheeber, 1934:83; Reitz, 1929:315). Verskeie Boeregeneraals, insluitende Beyers (Van Wyk, 1920:76), Smuts (Gronum, 1974:140), Kemp (1941:441) en De Wet (Kriel, 1920:280), het uitsprake in hierdie trant gemaak. Die republikeinse ideaal is lewend gehou deur die argument dat 'n regverdigte God nie die ondergang van 'n volk wat so heroïes om voortbestaan geveg het, sou toelaat nie. Hoewel hierdie argument dalk as teologies twyfelagtig afgemaak kan word, het die religieuse ondertone voortgesette stukrag aan republikanisme verleen. In 1914 het 'n aantal oud-Boeregeneraals tydens die Rebelle 'n onsuksesvolle poging gelei om die Boere-republieke met militêre mag te herstel.

Selfs in die beeldende kuns en fotografie is visueel gestalte gegee aan die Afrikaner se bittereindergees. Een van die bekendste voorbeelde is Pierneef se skets van De la Rey, met 'n houding en gesigsuitdrukking van taaie volharding, wat telkens in Afrikaanse populêre tydskrifte gereproduseer is.

Ook in die Afrikaanse letterkunde was die herlewing van Afrikanermag 'n motief wat dikwels herhaal is. Celliers se oorlogspoësie het byvoorbeeld aan die een kant uitdrukking gegee aan intense lyding en leed (bv. "Dis al" in Celliers, 1920:97), maar was aan die ander kant 'n oproep tot manmoedige kragdadigheid in die heropbou van Boeremag (kyk "Trou" in Celliers, 1920:32). In die verhaal *Vergeet nie* kom D.F. Malherbe tot die slotsom dat 'n volk met soveel heldhaftigheid en wilskrag soos die Afrikaners nie bestem is om tot niet te gaan nie, maar dat hulle stryd maar eers aan die einde van die oorlog begin het (Nienaber, 1938:93).

Daar was onder Afrikanernasionaliste lewende hoop dat die Afrikaner sou opstaan uit die as om weer onafhanklikheid in 'n toekomstige Afrikaner-republiek te verwerf. Om dit te verwesenlik sou Afrikaners die historiese missie van die bittereinders moes voltooi deur die stryd om Afrikaneronafhanklikheid onvermoeid voort te sit. Die republikeinse ideaal het 'n belangrike element van die Afrikanerpolitiek gebly tot met die verwesenliking daarvan in 1961.

2.3 Christenstryders se gemeenskaplike geloof en godsdienst

'n Verdere verenigende faktor onder Afrikaners wat sterk beklemtoon is, was hulle gemeenskaplike geloof. Christelikheid was nog altyd, ondanks die bestaan

van verskillende kerkgenootskappe, 'n samebindende krag in Afrikaner-nasionalisme. Daarom is dit nie vreemd dat in Afrikaanse uitbeeldings van die Boerekryger sy godsdienssin beklemtoon is nie. Geloof in God en eerbied vir die Bybelse leer figureer sterk in hierdie uitbeeldings. Die burgers is beskryf as “manne van die Bybel” (Wheeber, 1935:19; Naudé, 1903:101). Visueel is hierdie aspek uitgebeeld in foto's van president Kruger met 'n Bybel in sy hand, wat aangedui het dat die Transvaalse politieke leiding op die Woord van God gegrond was.

Onder die burgers het tydens die oorlog 'n “bewussyn van 'n onsigbare maar gewisse Godsbestiering in alle dinge” geheers (Mostert, 1933:69). Hulle was daarvan oortuig dat indien hulle hulle vertroue op God stel, Hy hulle sou help. In die proklamasie wat die Vrystaatse regering met die aanvang van vyandelikhede uitgereik het, is die burgers opgeroep om in hulle vryheidstryd hulle vertroue in God te stel, dan sou Hy hulle wapens seën (Rompel, 1941:33). Volgens Hillegas (1900:84) het die burgers meer vertroue in gebed en die Bybel as in hulle gewere gestel. Op die vierkleur van baie kommando's is spreuke soos “God met ons” geborduur (Celliers, 1935:117). Afrikaanse skrywers het die nougesette godsdiensbeoefening van die burgers te velde in die vorm van tafelgebiede, daaglikse stiltetye en kerkdienste op Sondae en feesdae beklemtoon (Celliers, 1935:27, 1935a:21, 1936:31, 1936a:37). Die drie Hollands-Afrikaanse kerke is deur predikante op kommando verteenwoordig (Pretorius, 1990:155; Pretorius, 1991:171 e.v.). In gebed is God se leiding en beskerming tydens veldslae gesoek (Grobler, 1937:41, 129). In sy kommentaar op die godsdienslike toewyding van die burgers spreek Celliers (1936:31) die oortuiging uit dat soveel vertroue en soveel hulpkrete nie ongemerk by God kon verbygaan nie.

Boeregeneraals soos De Wet, Beyers en De la Rey se geloof as “kristenstryders” was legendaries. 'n Goeie voorbeeld van hoe die Boerekrygerbeeld aan godsdienslike piëteit gekoppel is, was Kestell se biografie oor De Wet, waarin die Boeregeneraal se afhanklikheid van God beklemtoon is. De Wet het militêre oorwinnings aan God se hulp en die min ongevalle wat sy kommando gely het aan God se beskerming toegeskryf. Toe die gety teen die Boere draai, het hy die oortuiging gehuldig dat God nie sou toelaat dat die volk tot niet gaan nie (Kestell, 1920:53, 69, 95, 106). Daar is vertel dat Beyers wonderbaarlik aan die dood ontkom het toe 'n bom naby hom gebars het en die Bybel in sy binnesak verhoed het dat 'n stuk skrapnel hom tref (Van Wyk, 1920:76). De la Rey het tydens die oorlog godsdiens aan nasionalisme gekoppel. Hy het in 'n emosionele Geloftedagtoespraak te Schimmelkop op 16 Desember 1900 die standpunt gehuldig dat 'n volk wat trou aan homself is, trou aan God is. Sy godsdienslike-nasionalistiese boodskap is versterk deur die ritueel van 'n klipstapel, wat herinner het aan die altare wat Ou-Testamentiese Israel vir God gebou het tydens historiese geleenthede (Naudé, 1903:196; Pretorius, 1990:156).

Alle offisiere en burgers was natuurlik nie ewe godsdienstig nie. Deneys Reitz en sy broers het hulle nie met Beyers en De la Rey se soort vrome godsdieners vereenselwig nie en het verkies om nie deel te neem aan die "teatrale" Dingaansdagvierings by Schimmelkop nie (Reitz, 1929:140). Alle kommando's was ook nie tot dieselfde mate ingestel op godsdiensoefening nie. Die viering van godsdienstige feesdae soos Dingaansdag en Kersfees het in sommige kommando's 'n uitsluitlik godsdienstige karakter aangeneem, terwyl Boeresport en perdewedrenne in ander kommando's gehou is (Pretorius, 1990:155-159).

Ondanks hulle vertroue op God het die Boere uiteindelik militêr die onderspit gedelf. Was God dan nie aan hulle kant nie?, het hulleself en latere geslagte Afrikanernasionaliste gevra. Onder die Boere is geredeneer dat die nederlaag as God se wil aanvaar moes word (Kemp, 1941:441; kyk ook Kestell, 1920:139, 141-143; Pretorius, 1991:368-370). Hierdie redenasie is ook in letterkundige tekste uitgedruk. In *Die tweede Grieta* vra ds. Kestell vir Andries of die oorlog nie God se manier was om die Afrikanervolk te verenig en te versterk nie (Nienaber, 1938:88).

Een perspektief op die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme is die beskouing van die Christelik-nasionale beweging as 'n burgerlike godsdienst, waardeur Calvinisme verwring is om dit aan te pas by die Afrikaner se politieke doelstellings en waarvolgens Afrikaners hulleself as God se uitverkore volk beskou het (kyk Moodie, 1975; De Klerk, 1975; Hexham, 1981). Volgens hierdie siening is die Suid-Afrikaanse Oorlog saam met ander historiese gebeure deel gemaak van die Afrikaner se "heilige geskiedenis". Pretorius (1991:193) bevestig dat die burgers hulle tydens die oorlog deur die Ou-Testamentiese boodskap as volk met die volk van Israel vereenselwig het en dat dit tot 'n duidelike roepingsbewustheid gelei het.

In die periode onmiddellik na die oorlog het Afrikaanse outeurs, veral predikantskrywers soos Totius en J.D. Kestell, die oorlog uitgebeeld as 'n religieuse ervaring met 'n dieper godsdienstige betekenis oor God se wil vir en doel met die Afrikaner. Hoewel hierdie en ander skrywers nie so ver gegaan het om die Boere as die uitverkore volk voor te hou nie, het hulle klem gelê op die Afrikaner se godsdienstigheid en die bewustheid van God se leiding. Godsdienst en nasionale oorlewing is aan mekaar gekoppel. Sedert die dertigerjare het die konsep van die Afrikaner as God se uitverkore volk sterk deurgeskemer in Christelik-nasionale denke.

2.4 Die egalitariese kommandostelsel en organiese volkseenheid

Die dertiger- en veertigerjare was die periode van die mees intensiewe Afrikanernasionalistiese mobilisasie. In die depressie- en droogtetyd van die vroeë dertigerjare het die swaarkry van die oorlog nuwe betekenis vir Afrikaners gekry en kon dit vir mobilisasiedoeleindes aangewend word. Daar was 'n

toename in Afrikaanse publikasies oor die oorlog. Verskeie romans (Van der Merwe, 1929; Slier, 1932; Louw-Theron, 1935), dagboeke en herinnerings (Visagie, 1932; Mostert, 1935; Muller, 1936) het verskyn. Die herlewing van belangstelling in die Afrikaner se heroïese verlede is weerspieël in die feit dat *Die Huisgenoot* (8 Januarie 1937:13) 'n kompetisie uitgeskryf het vir oudstryders om vertellings oor hulle avonture in die oorlog in te stuur.

In hierdie periode, waarin aan Afrikaanse universiteite die intellektuele grondslag vir die Afrikanernasionalistiese projek van etniese mobilisasie gelê is, het die Afrikaanse professionele geskiedskrywing begin opbloeï. Afrikaanse historici se konseptualisering van die oorlog het populêre beskouings onderskraag. Hulle het voorsien in die behoefte om 'n geskiedbeeld daar te stel waardeur die politieke proses van die vorming van 'n nasionalistiese Afrikaneridentiteit gerugsteun is (Grundlingh, 1990:49).

Die bevordering van volkseenheid het te midde van politieke verdeeldheid in die "smelterstyd" die hoogste prioriteit in die Afrikanernasionale politiek geniet. 'n Manier waarop die Boerekrygerbeeld in hierdie stadium as 'n eenheidsmotief ontwikkel is, was om die egalitariese aard van die kommandostelsel te beklemtoon. Besondere klem is in Afrikanernasionale kringe gelê op die uitbeelding van die gelykheid tussen burgers op kommando tydens die oorlog. Dit is gekoppel aan die propagering van die beweerde egalitariese aard van die Afrikaanse samelewing in die algemeen.

Anders as in die meeste militêre tradisies, waar 'n skerp onderskeid tussen offisiere, onderoffisiere en manskappe getref word, was die wesenlike gelykheid tussen burgers van alle range in die kommandostelsel opmerklik (Pretorius, 1910; Hillegas, 1900:81). Volgens die tradisionele Afrikanernasionalistiese vertolking het die meeste Afrikaanse mans in die negentiende-eeuse burgerlike lewe, veral in die landelike boeregemeenskappe, ongeveer op gelyke vlak in dieselfde sosiale kringe beweeg (Viljoen, 1902:338). Tydens die oorlog op kommando was die offisiere en manskappe soos lede van 'n huisgesin (Naudé, 1903:254). Omdat Boere-offisiere geen spesiale uniform gedra het nie, kon hulle wat uiterlike voorkoms betref dikwels nie van hulle manskappe onderskei word nie (Kemp, 1941:217; Grobler, 1937:14; Celliers, 1936:31; Tylden, 1946:7). Die meeste offisiere het hulleself nie beskou as verhewe bo hande-arbeid nie en het dikwels met die geringste takies op kommando hand bygesit en ook aan speletjies deelgeneem (Celliers, 1935:11, 1935a:79). Voorrade en buit is gelykop tussen kommandolede van alle range verdeel (Mostert, 1933b:77; Strydom, 1974:150). Tydens veldslae was daar wel 'n bepaalde bevelstruktuur in die kommando's, maar burgers het in 'n groter mate op hulle eie inisiatief opgetree as in die geval van die Britse magte (Viljoen, 1902:340; Strydom, 1974:153).

Afrikanernasionaliste het nie om dowe neutrale klem gelê op die egalitariese aard van die Afrikanersamelewing nie. In die stedelike milieu het werkersklasbewegings 'n bedreiging vir die Afrikanernasionalistiese strewing na volkseenheid ingehou. Gevolglik is die organiese eenheid van die Afrikanervolk doelbewus beklemtoon as teenvoeter vir klassestrydidees uit vakbondkringe. Dit word weerspieël in publikasies in die *Tweede Trek*-reeks³, wat in die vroeë veertigerjare deur Nasionale Pers uitgegee is. In historiese werke deur nie-Afrikaners (Le May, 1965; Denoon, 1972) en resente werke deur Afrikaanse historici (Pretorius, 1991:271-281) word die siening van die Boeresamelewing as 'n egalitariese gemeenskap bevraagteken. Klasseverskille in die republikeinse samelewing word uitgewys, wat ook in die kommando's tydens die oorlog neerslag gevind het.

3. Modernisering en die Boerekrygerbeeld

Dit is duidelik dat die geïdealiseerde beeld van die Boerekryger 'n konserwatief-tradisionalistiese inslag gehad het. Daarom is dit nie verbasend nie dat in verskillende fases van die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme veral regse Afrikanerversetbewegings hulle met die Boerekrygerbeeld vereenselwig het en dit vir hulleself as 'n simbool van verzet teen "vreemde" oorheersing toegeëien het. Hierdie bewegings het 'n militaristiese aanslag gehad en het teruggegryp na die heroïese verlede, veral die era van die Boererepublieke in die tydperk tussen die Groot Trek en die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die organisasie van die Rebelle in 1914 en die Ossewabrandwag in die veertigerjare (later ook die AWB) is op die model van die Boerekommandostelsel geskoei (kyk Van der Schyff, 1991). In regsgeïndes se politieke retoriek het die Suid-Afrikaanse Oorlog as simbool van die Afrikaner se heroïese verlede sterk figureer.

Dit was egter nie uitsluitlik verregses nie, maar die meerderheid Afrikaners, wat in daardie stadium oorwegend konserwatief georiënteer was, wat met die tradisionele Boerekrygerbeeld kon identifiseer. Aan die begin van die apartheidsera, toe die konsolidasie van Afrikanermag 'n politieke prioriteit was en die republikeinse ideaal nog nie verweselik was nie, het die Boerekrygerbeeld steeds sterk gefigureer as deel van die Afrikanernasionale mitologie. Met die halfeeufeesvierings van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1949 het die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings op die bydrae van die Boerekrygers as feestema gefokus (Breytenbach, 1949).

Christelik-nasionale onderwys was 'n bastion van Afrikanernasionalisme. Op skool het geskiedenis 'n belangrike rol gespeel as "volksvormende" vak, waar-

3 In die tyd rondom die eeufeesvierings van die Groot Trek in 1938 het D.F. Malan en ander NP-leiers na die Afrikaner se trek na die stede as sy "Tweede Trek" begin verwys.

deur “volkstrots, volkstrou en vaderlandsliefde” gekweek moes word (Van Jaarsveld, 1984:17). In Afrikaanse skoolgeskiedenis-handboeke is die heroïese aspekte van die Boerekrygers tydens die oorlog uitgelig. Die dapperheid en krygsvermoë van legendariese helde soos De Wet, De la Rey en Louis Botha is beklemtoon (kyk bv. Van Jaarsveld *e.a.*, 1973:300-307).

Faktore soos verstedeliking en beter onderwysgeleentheid het die Afrikaner aan moderniserende invloede blootgestel. Modernisering moes mettertyd ’n impak op die Afrikaner se helde, simbole en waardes hê. Ook die beeld van die Boerekryger sou aanpassings ondergaan. Reeds vanaf die dertigerjare het Afrikanernasionalistiese leiers die skepping van ’n Afrikaanse stedelike kultuur doelbewus bevorder om Afrikaners in die stede en op die platteland in ’n nasionalistiese beweging te verenig. In hierdie fase van die konstruksie van Afrikanernasionalisme, toe baie Afrikaners se opvoedingspeil en gekultiveerdheid toegeneem het, is wegbeweeg van die plaasboer as primêre metafoor van Afrikaneridentiteit. Die denkbeeld wat deur die Engelse media geskep is dat alle Boere vuil en onbeskaafde “takhare” uit die “bêkveld” was, is deur Afrikaanse skrywers verwerp. Wat die Boerekrygerbeeld betref, is in hierdie fase beklemtoon dat die dorpskommando’s tydens die oorlog professionele mense soos professore, dokters en prokureurs ingesluit het. Hierdie dorpenaars was nie minder heldhaftig as hulle plattelandse broers nie. Omdat hulle bereid was om vir hulle hoë ideale te sterf, het ’n groot persentasie van hulle tot die bitter einde geveg. Onder die bekende dorpenaarkrygers was generaal Beyers en Danie Theron, wat albei voor die oorlog as prokureurs gepraktiseer het. Die prestasies van die dorpskommando’s tydens die oorlog is beklemtoon om aan te dui dat Afrikaanse dorpsbewoners nie vir boere in die landelike gebiede hoef terug te staan as dit by die volkstryd kom nie (Wheeber, 1935:19; Celliers, 1935: 27).

Minstens tot 1961 het die tradisionele Boerekrygerbeeld nietemin essensieel onveranderd gebly in die Afrikanersamelewing. Die kernboodskap van nasionalistiese uitbeeldings van die Boerekryger as metafoor vir Afrikaner-eenheid was steeds: ons is ’n volk met ’n heroïese kern; ons kan trots wees op ons Afrikanerskap. Slegtkamp het sy verslag van die oorlog, wat in die dertigerjare gepubliseer is, afgesluit met die boodskap dat die verhaal vertel word sodat die huidige geslag nie die oorlog vergeet nie. “’n Afrikaner”, is geskryf, “hoef vir niemand ter wêreld terug te staan nie” (Mostert 1933f:63). In die veertigerjare het Theo Pauw (1941:27) in ’n kort artikel oor “Ons helde” geskryf dat die oorlogshelde die gees van die Afrikanervolk weerspieël het en ’n inspirasie vir die volk moes bly. Hulle bloed het in die are van hulle nageslag gevloei. Die Boerekrygerbeeld is aangewend om ’n geïdealiseerde nasionale identiteit, gebaseer op godsdienstige en rassesuperioriteit, te skep.

4. Herkonseptualisering van die Boerekrygerbeeld na 1961

Namate Afrikanermag verskans is en Afrikanerwelvaart toegeneem het, het die oorlog in die Afrikanernasionale bewussyn vervaag. In 1961 is die lankgekoesterde ideaal van die heroprigting van 'n Afrikanerrepubliek, vry van Britse gesag, verwesenlik. Ironies genoeg het die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika nie 'n roemryke tyd van Afrikanermagskonsolidasie ingelui nie. Intendeel, Afrikanermag het onder toenemende druk gekom en sou geleidelik onder dié druk begin verbrokkel.

Sedert die sestigerjare het 'n breuk met die Afrikaner se konserwatiewe verlede plaasgevind. 'n Jonger geslag pragmaties-verligtes het die toon in die Afrikanersamelewing begin aangee. Die liberalisering van die Afrikaanse gees het sienings onder Afrikaners oor die Suid-Afrikaanse Oorlog beïnvloed. Soos die oudstryders begin wegval het, het anti-Britse sentiment vervaag. Die ekonomiese voorspoedgolf van die sestigerjare het veroorsaak dat die Afrikaner minder geneig was om oor die swaarkry van die verlede, gesimboliseer deur die Suid-Afrikaanse Oorlog, na te dink. Die neiging was om vorentoe te kyk na 'n skynbaar blink toekoms (Grundlingh, 1990:52).

Spoedig is die situasie omgekeer toe Afrikanerdominasie in die sewentiger- en tagtigerjare onder toenemende druk gekom het. Die landseksonomie en die veiligheidsituasie in Suider-Afrika het verswak. Met die bosoerlog teen die swart bevrydingsbewegings op die landsgrense het oorlog weer deel van die Afrikaner se leefwêreld geword. Jong Afrikanermans is opgeroep vir verpligte militêre diens en sommige van hulle moes hulle lewe vir "volk en vaderland" opoffer. Oorlogsmetafore het weer relevant geword en die Suid-Afrikaanse Oorlog het nogmaals nuwe betekenis gekry in die ideologiese diskoers van Afrikanernasionalisme. Analogieë is getrek tussen die Afrikaner se beleërde posisie in die sewentigerjare en op die vooraand van die oorlog. Soos die uitlanders in die ZAR het stedelike swartes nou op politieke regte aangedring. Soos in Kruger se tyd is die buiteland se aandag weer op Suid-Afrika gevestig. Veral onder konserwatiefgesindes was daar die vrees dat die Afrikaner, soos na die Suid-Afrikaanse Oorlog, sy politieke mag kon verloor en in sy "eie" land gemarginaliseer kon word (Grundlingh, 1990:53).

Deur die verskeie fases van die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme in die apartheidsera het die Suid-Afrikaanse Oorlog steeds in die Afrikaner se geestelike produkte, soos die geskiedskrywing en letterkunde, neerslag gevind. Enkele voorbeelde word bespreek om die herkonseptualisering van die Boerekrygerbeeld aan te dui.

4.1 Afrikanerhistorici kyk met nuwe oë na die Boerekryger

Hoewel die eensydig positiewe heroïese siening van die Boerekrygers tot heel onlangs in sekere Afrikanernasionalistiese historiese werke gehandhaaf is (kyk Gronum, 1974; Malan, 1990), het die verloop van tyd en die navorsing van amptelike dokumente deur professionele historici meer objektiewe perspektiewe op die oorlog meegebring. Dit het gelei tot 'n herkonseptualisering van mites en beelde. Sedert die sewentigerjare het die jonger geslag Afrikaanse historici wat die oorlog as navorsingsveld gekies het, sonder om die heroïese siening van die Boerekrygerbeeld noodwendig af te takel, ook die skadukant van die oorlog begin belig.

Albert Grundlingh se *Die 'hendsoppers' en 'joiners'. Die rasionaal en verskynsel van verraad* (1979) was die eerste omvattende studie oor die hendsoppers en joiners aan Boerekant. Hy het aangedui dat sommige van die republikeinse burgers nooit tydens die oorlog die wapen opgeneem het nie (Grundlingh, 1979:8) of die kommando's sonder verlof verlaat het (Grundlingh, 1979:10). Toe die oorlog teen die Boere begin draai het, het talle, uiteindelik ongeveer 20 000 burgers, hulle wapens neergelê. Sommige het dit weens wanhopigheid en uitputting gedoen, ander om materiële gewin of uit gemak-sugtigheid. Van hulle het pogings aangewend om hulle medeburgers te oorreed om die stryd te staak (Grundlingh, 1979:20 e.v., 58, 82 e.v., 133-136).

'n Hele aantal burgers het verder gegaan deur die Boeresak te verrai en in Britse militêre diens te tree as gidse, verkenners en lede van burgerkorpse. Die meeste van hulle was van die "laagste klas Boere", maar hulle leiers was in baie gevalle "ontwikkelde en gerespekteerde persone", wat oortuig was dat dit in belang van die volk was om die oorlog op 'n drastiese wyse te help beëindig (Grundlingh, 1979:162, 198 e.v., 261).

Hoewel Grundlingh die hendsoppers en joiners se optrede kontrasteer met die "vernuftige krygskuns en verbasende uithouvermoë" van die meerderheid Boerekrygers en tot die slotsom kom dat hulle nie deel gehad het aan die "heldetydvak van die Afrikaner" nie (Grundlingh, 1979:355), het sy studie 'n nuwe perspektief op hierdie groepe gebring. Hy het aangetoon dat dit verkeerd is om die bestaan van die minder heroïese Boere te probeer negeer of hulle optrede veralgemenend te veroordeel.

Fransjohan Pretorius se *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (1991) is 'n uitvoerige studie oor die sosiale aspekte van die burgers se lewe op kommando. Dit onderskryf grootliks die heroïese siening van die Boerekryger, maar verwerp die "eensydige lofsang vir die bittereinder" (Pretorius, 1991:17) en gee ook aandag aan negatiewe aspekte van die kommandolewe.

Pretorius bespreek onder meer godsdienstige onverskilligheid onder sekere burgers (Pretorius, 1991:197-202), plundering van privaat eiendom deur burgers (Pretorius, 1991:234-241) en diefstal van medeburgers se eiendom (Pretorius, 1991:241-244). Daar was volgens hom 'n kriminele element op kommando teenwoordig. In die oorlogsomstandighede het selfs wetsgehoorsame burgers hulle aan oortredings skuldig gemaak. Daar was ook gevalle van drankmisbruik (Pretorius, 1991:244-249). Afrikaners se houding teenoor swartes is deur rassisme gekenmerk (Pretorius, 1991:282-301), wat gelei het tot menseregteskendings soos die teregstelling van gewapende gekleurdes sonder verhoor.

Wat die sedelike peil op kommando betref, wys Pretorius op die skaarsheid van inligting oor seksuele verhoudings, omdat dit 'n onderwerp is waarvoor destyds nie gepraat en geskryf is nie. Dit wil voorkom of die deursneeburger kuis was. Enkele gevalle van owerspel, seks voor die huwelik en ontug met swart vroue is bekend. Geen skriftelike bewyse van verkragting en homoseksuele verhoudings is gevind nie (Pretorius, 1991:253, 340-346).

Die strekking van Pretorius se teks is dat hoewel die oorwegend heroïese optrede van die Boerekrygers tydens die oorlog bo alle twyfel staan, hulle fisies en moreel nie supermense was nie en dat daar soos in enige samelewing swartskape was.

Afrikaanse geskiedskrywing open dus die moontlikheid van 'n alternatiewe beeld van die Boerekryger deur die realiteit van minder heroïese Boere bloot te lê en vrae te vra oor die bestaan al dan nie van vorme van sosiaal-patologiese gedrag op kommando. Hierdie alternatiewe beeld is verder in die Afrikaanse letterkunde ontgin.

4.2 Bevraagtekening van die tradisionele Boerekrygerbeeld in die Afrikaanse letterkunde

Soos in die historiografie het die perspektief op die Suid-Afrikaanse Oorlog ook in die Afrikaanse letterkunde verander. In *Die pluimsaad waai ver*, 'n drama wat N.P. van Wyk Louw vir die vyfjarige herdenking van republiekwording in 1966 geskryf het, is president Steyn uitgebeeld as die leier van 'n verskeurde volk tydens die oorlog (Louw, 1972:22, 46 e.v.). Louw het nie die heldhaftigheid van die Boerekrygers op kommando in twyfel getrek nie. De Wet en andere se onverskrokkenheid en bittereindergees figureer sterk in die drama. Daarteenoor open die karakters van Grootvader Visser en sy seun Jan die moontlikheid dat die verraad van die joiners nie as gevolg van lafhartigheid gepleeg is nie, maar uit legitieme godsdienstig-pasifistiese motiewe. Grootvader Visser sien die oorlog as 'n onheilige oorlog wat tot onnodige lewensverlies lei (Louw, 1972:48) en beskou sy samewerking met die Engelse as diens aan sy volk (Louw, 1972:66).

Selfs president Steyn, wat in Afrikanernasionalistiese geskrifte as die standvastige held onder die helde uitgebeeld is (Naudé, 1903:370; De Wet, 1903:279-80), voer in *Pluimsaad* 'n gewetenstryd as hy worstel met die vraag of hy die reg het om sy burgers se lewens in die oorlog te vra (Louw, 1972:50). Teen die einde van die oorlog begin selfs die beste Boerevegters twyfel aan die sin van die oorlog (Louw, 1972:78).

Pluimsaad het 'n polemiekie oor Louw se siening van Boerehelde uitgelok. Eerste Minister Verwoerd het gekap na skrywers wat weifelend vra "Wat is 'n volk?" (*Pluimsaad* het met hierdie vraag begin) eerder as om die heldedade van die volk te besing. Verwoerd het gemeen dat *Pluimsaad* nie histories getrou was nie, aangesien Louw volgens sy mening Steyn nie as 'n held nie, maar as 'n patetiese figuur uitgebeeld het. By 'n noukeurige lees van die teks is dit duidelik dat dit nie die geval was nie. Steyn was juis in Louw se uitbeelding 'n ware held, omdat morele integriteit vir hom swaarder as blinde patriotisme geweeg het. In *Die Beeld* het Schalk Pienaar vir Louw in die bresse getree. Volgens hom het Louw in sy kyk na die heldetyd van die oorlog meer as net heldedom gesien. In die figuur van Steyn het hy grootheid en kleinheid, krag en swakheid, angs en heldemoed uitgebeeld. Twyfel was nie vreemd aan Steyn nie, maar hy het oorwin omdat hy sy eie en sy volk se swakhede kon oorwin. "Dit moet Van Wyk Louw se sonde heet", het Pienaar geskryf, "dat hy twyfel durf opper het in 'n tyd waarin daar vrees is vir twyfel" (Steyn, 1998).

'n Dekade later, in 1976, het Etienne Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein!*, wat eers ongewens verklaar en later met die Hertzogprys bekroon is, verskyn. Dié roman handel oor 'n buitelandse rolprentspan wat 'n film maak oor die Slag van Magersfontein, die bekende veldslag uit die Suid-Afrikaanse Oorlog waarin die Boere 'n roemryke oorwinning oor die Britte behaal het. Hoewel Leroux die historiese agtergrond nagevors het (Minnaar, 1982:1), dui hy voor in die boek aan dat die historiese gegewens verdag is. *Magersfontein* is deur 'n resesent getipeer as "'n satire op die geskiedkundige roman" (Van Zyl, 1982). Leroux verwys self na sy werk as "'n surrealistiese samestelling van die werklikheid in terme van die verlede en die hede" (Leroux, 1976:155). Deur 'n vermenging van die historiese, mitiese en ironiese ontromantiseer Leroux die geskiedenis.

Leroux bied 'n verligte Afrikaanse siening oor heldedom. Hy misken nie die heroiese verlede nie. Trouens, hy betreur die wyse waarop die helde se "grafkelders ontheilig" word, dit wil sê die historiese verlede oenteer word. Dit word in die roman uitgedruk deur die lede van die filmspan se gebrek aan eerbied teenoor die heldedom van Magersfontein (Botha, 1980:471). Hoewel die Slag van Magersfontein as 'n "comedy of errors" uitgebeeld word, huldig Leroux tog, miskien wel tong in die kies, die "grandeur van Magersfontein", waar die "vegterende Kelte" en die "ongeorganiseerde Boere" mekaar die stryd

aangesê het (Leroux, 1976:91). Generaal de la Rey, die onkonvensionele en geniale beplanner van die Boere se loopgraafstrategie by Magersfontein, en generaal Wauchope, bevelvoerder van die Skotse brigades, word as ware helde (Malan, 1982:69) en mekaar se gelykes in hierdie laaste "ridderlike oorlog" vereer. Wauchope se dood by Magersfontein was "waardig aan die tradisie van uitverkore militêre helde" (Leroux, 1976:47). Hy het met sy swaard omhoog die Boerevestings bestorm en is met 27 koeëls neergevel (Leroux, 1976:65). Leroux se skalkse kommentaar is dat sowel die Skotte as die Boere "altyd heroies aan die verloorkant was" (Leroux, 1976:135). De la Rey, Wauchope en ander bevelvoerders word geassosieer met die letterkundige argetipes van die wit nar en die swart nar (Leroux, 1976:30), wat die ewige stryd in die psige tussen die ordelike en rasionele sy van die menslike natuur aan die een kant en die irrasionele en spontane sy aan die ander kant verteenwoordig (Van der Merwe, 1998:10).

Leroux het sy mes in vir 'n blindelinge heldeverering in Afrikanernasionale kringe. Hy betwyfel nie die Boerekrygers se heldhaftigheid nie, maar onderskryf nie die tradisionele eensydige uitbeelding daarvan nie. Volgens sy weergawe is die Boere in die loopgrawe by Magersfontein onwillige helde. Hulle is vreesbevange, maar het geen vlugkans nie en kan nie anders as om die slag enduit te volvoer nie (Leroux, 1976:96). Die akteurs van die filmspan wat die rolle van die Boerekrygers speel, toon 'n ooreenkoms met Castro se Kubaanse rebelle (Leroux, 1976:25). Hierdie vergelyking satiriseer kontemporêre Afrikanernasionalistiese beskouings, want toe *Magersfontein* gepubliseer is, was die Suid-Afrikaanse Weermag in Angola in 'n hewige stryd met die Kubane gewikkel – 'n stryd wat deur NP-leiers voorgedra is as 'n heldhaftige stryd teen die kommunisme om die behoud van die Christelike beskawing.

Die Boere-oudstryder in *Magersfontein* is die personifikasie van die tradisionele siening van die Boerekrygerheld. Hy word beskryf as "'n ou man met 'n welige wit baard, pyp in die mond, sy vel deur die son verweer tot 'n ou perkament, sy oë vol Boeretrots" (Leroux, 1976:64). Hy is 'n stoere Boer, trots op sy deelname aan die oorlog: "Ek is tagtig jaar oud", sê hy, "maar die oorlog dreun nog steeds deur my" (Leroux, 1976:66). Leroux maak van die ou man met sy drankprobleem 'n parodie van die bittereinder. Wanneer die filmspan deur 'n vloed oorval word en die oudstryder te perd in die veld vasgekeer word, weier hy om in die lugmaghelikopter wat hom kom red, te klim. Hy het hardkoppig klaar besluit "dat die perd daardie aantal kilometers na die droë grond kan swem" (Leroux, 1976:173). Met hierdie insident hekel Leroux die absurditeite rondom die tradisionele bittereinderbeeld.

Leroux herkonseptualiseer die Suid-Afrikaanse held in die karakter van die pragmatiese Gert Garries. Rasseonderskeid word deur Garries gerelativeer omdat hy 'n kleurling is, dus nóg wit nóg swart. Hy word deur Lord Sudden as 'n "gehawende Boer" aangesien (Leroux, 1976:51). Hy is 'n ware Suid-

Afrikaanse patriot en kombineer die deugde van De la Rey en Wauchope. Anders as die bittereinders van ouds veg hy heldhaftig en effektief teen die swart chauffeur, maar besef wanneer dit futiel is om aan te hou veg (Leroux, 1976:49). Garries se kind en die swart chauffeur word saam in 'n graf begrawe en hul oorblyfsels word later verkeerdelik as dié van 'n Boerekrygsman en sy seun geïdentifiseer (Leroux, 1976:102). Met Garries se “hemelvaart” in 'n warmlugballon in die slottoneel eindig die vertelling op 'n hoopvolle noot (Leroux, 1976:182 e.v.).

Dwarsdeur die roman hekel Leroux die apartheidsregering en sy burokratiese amptenary. In die epiloog bereik Leroux se satirisering van verkrampte Afrikanernasionalisme 'n hoogtepunt in die toespraak van die Minister wat drup van selfvoldaanheid en clichés. Hy sê dat hy gesien het “dat daar niks verkeerd is met die kaliber van ons Afrikaners nie”. Hy vergelyk die hede met die “roemryke verlede”: “Net soos in die verlede sal elke man sy staal bewys. Ek het vertroue in my volk. Die Boere was die eerste wat loopgrawe gegrawe het; die Boere was die eerste wat 'n guerrilla-metode van oorlogvoering ontwerp het. Ons sal nooit oorwin word nie! Ons sal alle rampe oorleef! Dit setel in ons karakter! Ek het die volste vertroue in my eie mense!” (Leroux, 1976:190). Dit is duidelik dat Leroux in sy tragikomedie 'n Afrikanerdom uitbeeld wat 'n *Götterdämmerung* beleef. Dit word gesimboliseer deur die son wat “in sy volle Afrikaglorie” ondergaan terwyl die Minister praat (Leroux, 1976:191). Nietemin verklaar hy teenoor sy apatiese gehoor: “Ek sien 'n reënboog vir ons land, Suid-Afrika” (Leroux, 1976:192). Leroux stroop nie die Boerekrygers van die heroïese nie, maar deur dié ironiese slot relatiewer hy die amptelike en polities-bevooroordeelde uitbeelding van die verlede.

Sommige interpretasies van *Magersfontein* meen dat Leroux die dekadente hede met die heroïese verlede kontrasteer (Botha, 1980:471). Ander verwerp hierdie interpretasie en voer aan dat Leroux nóg die verlede nóg die hede idealiseer, maar probeer aantoon dat mense (ook die Afrikaner) nooit uit die geskiedenis leer nie en die foute van die verlede tot in ewigheid herhaal (Minnaar, 1982:42-43; Johl, 1986:93; kyk Leroux, 1976:33).

In tekste in die resente Afrikaanse letterkunde gaan die ontmitologisering van die Boerekrygerbeeld voort. In sy debuutroman *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz* verwerp Christoffel Coetzee geskiedskrywing “van die chauvinistiese soort wat kom met kitsoordele van ‘held’ of ‘lafaard’” (Coetzee, 1998:6). Coetzee probeer nie om gekanoniseerde helde soos Christiaan de Wet, Koos de la Rey en Danie Theron af te takel nie, maar hy beeld hulle ook nie as smettelose engele uit nie (Coetzee, 1998:98, 256 e.v., 284-285). In sy vertelling word verskeie gevalle van onheroïese optrede aan Boerekant vermeld. Daar word sarkasties verwys na “onse dappere Boerehelde” wat deur vroue (vroue word deur Coetzee as die ware Boerehelde in die oorlog uitgebeeld) tydens die

Suid-Afrikaanse Oorlog uit hulle huise na die kommando's teruggedwing moet word (Coetzee, 1998:46, 48) en na die "sterk jong manne" wat na die aanvanklike Natalse suksesse verkies om in die laers te bly lê met die verskoning dat hulle biduur hou (Coetzee, 1998:152). Hoofkommandant Martiens Prinsloo se onheldhaftige oorgawe aan die Engelse word verwoord in De Wet se beskrywing van hom as "'n lekkende sak vars kak en dun bloed'" (Coetzee, 1998:98). Daarteenoor word 'n burger wat sy eie bas red deur nie minder nie as sewe ede van getrouheid aan albei partye in die oorlog af te lê, se vindingrykheid aangeprys (Coetzee, 1998:153). Ironies genoeg word 'n Engelsman (Charlie White) en 'n swartman (Jan Witsies) deur Coetzee as die "goeie" karakters met morele integriteit uitgebeeld.

Coetzee negeer die beskouing van die Suid-Afrikaanse Oorlog as 'n "gentlemen's war" deur sy eksplisiete uitbeelding van menslike wreedheid en verwording tydens die oorlog. Die hoofkarakter van die roman, generaal Mannetjies Mentz, is die bittereinderleier van 'n soort vrykorps wat tydens die oorlog in die Oos-Vrystaat as 'n wraakkommando funksioneer. Mentz word uitgebeeld as 'n Jan Alleman (*everyman*)-tipe, 'n egalitariese leier wat sy burgers se oordele en vooroordele deel (Coetzee, 1998:59) en tog bomenslike respek afdwing omdat hy skynbaar "in die diepte van ons siele kan sien" (Coetzee, 1998:161). Sy filosofering/rasionalisering van sy kommando se optrede behels dat die mens niks anders as 'n besondere soort dier is nie. Sy instink om te oorleef word tweede natuur. In die oorlogsomstandighede kry die mens die geleentheid om hierdie tweede natuur tot norm te verhef. Elke sterfte in die oorlog is 'n "niksbeduidende" offer waardeur die oorlewingstrategie verfyn word (Coetzee, 1998:167-168, 247, 249, 268). Op grond van hierdie rasionalisering beskou Mentz se manne hulleself as 'n nuwe gemeenskap in wording (Coetzee, 1998:189) – 'n gemeenskap wat 'n laksmanrol begin vervul om van ongewenste elemente ontslae te raak.

Van Mentz se getroue ondersteuners (Voss, Niemann en Groot Sakkie Deysel) ontaard in die oorlogsmilieu in bloeddorstige moordmasjiene wat nie skroom om sowel kakies as hensoppers sadisties-brutaal af te maai nie (Coetzee, 1998:185-188, 198). Hierdie verworde geweldenaars verval in bygeloof deur amulette met hulle saam te dra (Coetzee, 1998:203). In die swart stante waar hulle deurtrek, gee hulle vrye teuels aan hulle seksuele drifte (Coetzee, 1998:208-210).

Aan die einde van die oorlog, eerder as om moontlike vervolging as oorlogsmisdadigers weens bewerings van aanvalle op die Rooikruis, teregstellings van gevangenes en lykroof in die gesig te staar, ontsnap Mentz se manne oor die grens om in Duits-Oos-Afrika 'n nuwe begin te gaan maak (Coetzee, 1998:258 e.v.). Na die oorlog vermy die voormalige kamerade gesprekke oor die oorlog, omdat hulle verkies om hul verwyte en skuldgevoelens weg te steek (Coetzee, 1998:185). By nabaat stel die outeur die volgende opsies vir die morele

beoordeling van Mannetjies Mentz aan die lesers: hy het óf te veel gesien en daarom alles by hom laat verbygaan óf hy was so onskuldig dat alles hom in ieder geval verbygegaan het (Coetzee, 1998:278).

Uiteindelik is die ware skurk in die verhaal die oorlog self, wat almal in die land intrek in 'n spiraal van geweld. Mentz se karakter simboliseer die donker kant van die menslike natuur. Hy is nie "iewers daar buite" nie, maar binne-in elke mens se psige. Elke mens moet, eerder as om hom van die "skurke" van die geskiedenis te distansieer, voortgaan om die Mannetjies Mentz in homself te soek en uit te ban (Van der Merwe, 1998:12,13). Elemente van Coetzee se verhaal herinner aan Conrad se *Heart of Darkness*. Dit gaan, soos ook in klassieke tragedies, oor die uitoefening van die mens se opsies in grenssituasies.

Skep 'n outeur soos Coetzee nuwe mites oor die Boerekrygers? Bestaan daar historiese getuienis wat die uitbeelding van sommige burgers se oorgawe aan primitiewe drifte tydens die buitengewone omstandighede van die oorlog onderskryf, of is dit 'n geval van poëtiese vryheid? Moet hierdie soort herinterpretasie van die oorlog, in 'n periode van onthullings voor die Waarheids- en Versoeningskommissie oor Afrikanergruweldade, beskou word as deel van die Afrikaner se verwerking van sy apartheidsverlede? Coetzee suggereer dat soortgelyke geraamtes as wat deur getuienis voor dié kommissie uit die kas gehaal is, ook ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Oorlog kan bestaan.

5. Die Boerekrygerbeeld 'n eeu later

Die Suid-Afrikaanse Oorlog het vandag nog nie sy relevansie vir die Afrikaner verloor nie. Omdat Afrikaners polities meer verdeeld is as in enige stadium van hulle geskiedenis en hulle in 'n verskeidenheid regse, gematigde en linkse politieke partye bevind, is daar egter nie meer sprake van 'n monolitiese Afrikanernasionalistiese beeld van die Boerekryger uit die Suid-Afrikaanse Oorlog nie.

Regsgesinde Afrikaners identifiseer steeds met die tradisionele heroïese beeld van die Boerekryger. In hulle politieke retoriek figureer die Suid-Afrikaanse Oorlog as simbool van die Afrikaner se heroïese verlede sterk. Hulle verwys met trots na hulleself as Boere⁴ en beskou hulleself as die ware kampvegters vir die Afrikanersaak, wat soos die bittereinders van ouds as laaste linie vir die behoud van die Afrikanervolk se vryheid veg (kyk bv. Van Tonder, 1967:132, 148; Floyd, 1975:49, 64; Marais, 1980:175). Minder konserwatiewe Afrikaners word deur hulle as volksverraaiers gebrandmerk. In sy blaadjie *Boerant* het Robert van Tonder byvoorbeeld 'n paar jaar gelede in 'n huldigingsartikel vir die helde

4 Van die regse groepe heet onder meer die Boerestaatsparty en die Boerebevrydingsbeweging.

van Spioenkop geskryf: "n Volk wat kan roem oor Spioenkop sal nooit as te nimmer deur 'n grondwetjie van 'n pienk verraaiertjie soos FW uitgewis kan word nie!"

Verligte of "alternatiewe" Afrikaners bevraagteken die eng puriteinse siening van die Boerekrygerbeeld. Hoewel hulle afsydig staan teenoor die patriargale en militêre konnotasies wat daaraan geheg word en nie langer soos in die Christelik-nasionale era aanspraak maak op die godsdienstige en rasse-superioriteit van die Afrikaner nie, is dit interessant dat baie van die jong geslag alternatiewe Afrikaners hulle nie van die benaming "Boer" distansieer nie. Moderne Afrikaanse sangers gebruik dit byvoorbeeld vrylik. Anton Goosen noem homself die Liedjieboer. Koos Kombuis sing van die "Boer in beton". Een van Valiant Swart se CD's heet "Die mystic Boer". Moontlik is die hertoewening van die destydse eretitel "Boer" 'n manier om van die gestigmatiseerde "Afrikaner" weg te kom. Die gebruik daarvan dui op 'n soeke onder jong Afrikaners na 'n eie identiteit in die konteks van die "nuwe" Suid-Afrika.

Verwysings

- Brandt, Johanna. 1913. *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in geheime dienst*. Amsterdam : De Bussy.
- Botha, Elize. 1980. Prosa. In: Cloete, T.T. (red.) *Die Afrikaanse literatuur sedert sestig*. Goodwood : Nasou. p. 319-559.
- Breytenbach, J.H. 1949. *Die betekenis van die Tweede Vryheidsoorlog – vyftig jaar*. Johannesburg : FAK.
- Celliers, Jan F.E. 1908. *Die vlakte en ander gedigte*. Pretoria : Volkstem-Drukkerij.
- Celliers, Jan F.E. 1920. *Die vlakte en ander gedigte*. (5de druk.) Kaapstad : De Nasionale Pers.
- Celliers, Jan F.E. 1935. Uit my oorlogsdagboek I. *Die Huisgenoot*, 27, 111, 117, Des. 6.
- Celliers, Jan F.E. 1935a. Uit my oorlogsdagboek II. *Die Huisgenoot*, 21, 77, 79, Des. 13.
- Celliers, Jan F.E. 1936. Uit my oorlogsdagboek V. *Die Huisgenoot*, 31, 37, Jan. 3.
- Celliers, Jan F.E. 1936a. Uit my oorlogsdagboek VI. *Die Huisgenoot*, 37, 61, Jan. 10.
- Coetzee, Christoffel. 1998. *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz*. Kaapstad : Queillerie.
- Déki. 1939. Genl. Wynand Malan, Sy merkwaardige loopbaan as verkenner, baasvegter en inspirerende aanvoerder. *Die Huisgenoot*, 19:21, 35, Jul. 28.
- De Klerk, W.A. 1975. *The Puritans in Africa*. London : Rex Collings.
- Denoon, Donald. 1972. *Southern Africa since 1800*. London : Longmans.
- De Waal, J.H.H. 1912. *De tweede Grieta*. Pretoria : Van Schaik.
- De Wet, C.R. 1903. *De strijd tusschen Boer en Brit. De herinnering van den Boeren-Generaal C.R. de Wet*. Amsterdam : Hoveker & Wormser.
- De Wet, I.J.C. 1954. *Met genl. De Wet op kommando*. Johannesburg : Afrikaanse-Persboekhandel.
- Doyle, Sir Arthur Conan. 1900. *The Great Boer War*. London : Bell.
- Floyd, T.B. 1975. *Afrikaner-nasionalisme*. Pretoria : T.B. Floyd.
- Grobler, M.J. 1937. *Met die Vrystaters onder die wapen. Generaal Prinsloo en die Bethlehem-Kommando*. Bloemfontein : Nasionale Pers.
- Gronum, M.A. 1974. *Die Bittereinders Junie 1901-Mei 1902*. Kaapstad : Tafelberg.
- Grundlingh, A.M. 1979. *Die 'hendsoppers' en 'joiners'. Die rasionaal en verskynsel van verraad*. Pretoria : HAUM.

- Grundlingh, A.M. 1990. War, wordsmiths and the "volk": Afrikaans historical writing on the Anglo-Boer War of 1899-1902 and the war in Afrikaner Nationalist consciousness, 1902-1990. In: Lehmann, E. & Reckwitz, E. (eds.) *Mfecane to Boer War. Versions of South African history*. Essen : University of Essen. p. 43-53.
- Hexham, Irving. 1981. *The irony of apartheid: the struggle for national independence of Afrikaner Calvinism against British imperialism*. New York : Edwin Mellen Press
- Hillegas, Howard C. 1900. *With the Boer forces*. London : Methuen
- Hofstede, Geert. 1991. *Cultures and organizations: software of the mind*. London : Harper-Collins
- Johl, Johan. 1986. *Leroux – ABC*. Krugersdorp : Sikelela Uitgewers.
- Kannemeyer, J.C. (red.) 1980. *Etienne Leroux. Tussengebied*. Johannesburg : Perskor
- Kemp, J.C.G. 1941. *Vir vryheid en vir reg*. Kaapstad : Nasionale Pers.
- Kestell, J.D. 1903. *Through shot and flame. The adventures and experiences of J.D. Kestell chaplain to President Steyn and General Christian de Wet*. London : Methuen
- Kestell, J.D. 1920. *Christiaan de Wet. 'n Lewensbeskrywing*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Kriel, Christo. 1920. Lewensskets Christiaan Roedolf de Wet. *Die Huisgenoot*, 277-280, Nov.
- Leipoldt, C. Louis. 1911. *Oom Gert vertel en ander gedigte*. Kaapstad : HAUM.
- Le May, G.H.L. 1965. *British supremacy in South Africa, 1899-1907*. Oxford : Clarendon Press
- Leroux, Etienne. 1976. *Magersfontein, o Magersfontein!* Kaapstad : Human & Rousseau.
- Louw, N.P. Van Wyk. 1958. *Liberalie nasionalisme. Gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikane met 'n kulturele nadruk*. Kaapstad : Nasionale Boekhandel.
- Louw, N.P. Van Wyk. 1972. *Die pluimsaad waai ver of bitter begin*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Louw-Theron, Miemie. 1935. *'n Wiel-binne-in 'n wiel*. Kaapstad : Nasionale Pers.
- Malan, Charles. 1982. Die ideologiese rol van die leser in *Magersfontein, o Magersfontein!* In: Grové, A.P. (red.) *Beeld van waarheid*. Kaapstad : Human & Rousseau. p. 63-85
- Malan, J. 1990. *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902*. Pretoria : Van der Walt.
- Malherbe, D.F. 1913. *Vergeet nie: histories-romantiese verhaal uit die Anglo-Boereoorlog*. Bloemfontein : Volksblad-Drukkerij.
- Marais, Guill F. 1919. Na die Slag van Elandslaagte. *Die Huisgenoot*, 81, Jul.
- Marais, Jaap. 1980. *Stryd is lewe*. Pretoria : Aktuele Publikasies.
- Meintjes, Johannes. 1978. *The Anglo-Boer War 1899-1902. A pictorial history*. London : Macdonald and Jane's.
- Minnaar, L.C. 1982. *Wêreld en waarde: Magersfontein, o Magersfontein in oenskou*. Potchefstroom : PU vir CHO.
- Moodie, T. Dunbar. 1975. *The rise of Afrikanerdom: Power, apartheid and the Afrikaner civil religion*. Berkeley : University of California Press.
- Mostert, Dirk. 1933. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, I. *Die Huisgenoot*, 15, 69, Junie 2.
- Mostert, Dirk. 1933a. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, II. *Die Huisgenoot*, 18, 19, 55, Junie 9.
- Mostert, Dirk. 1933b. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, III. *Die Huisgenoot*, 15, 77, Junie 16.
- Mostert, Dirk. 1933c. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, V. *Die Huisgenoot*. 21, 63, Junie 30
- Mostert, Dirk. 1933d. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, VI. *Die Huisgenoot*. 27, Julie 7.

- Mostert, Dirk. 1933e. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, XXI. *Die Huisgenoot*. 29, 71, Oktober 20.
- Mostert, Dirk. 1933f. Die held van Spioenkop. Oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp, XXIII. *Die Huisgenoot*. 31, 63, November 3.
- Mostert, Dirk. (samesteller.) 1935. *Slegtkamp van Spioenkop: oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp*. Kaapstad : Nasionale Pers.
- Muller, Genl. C.H. 1936. *Oorlogsherinneringe*. Kaapstad : Nasionale Pers.
- Naudé, J.F. 1903. *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp 'bôkant' De Wet*. Rotterdam : Nijgh & Van Ditmar.
- Nienaber, P.J. 1938. *Die Afrikaanse roman-tematologie*. Amsterdam : Swets & Zeitlinger.
- Olivier, Ben. 1971. *Krygsman Christiaan de Wet: 'n lewenskets van genl. C.R. de Wet*. Kaapstad : Tafelberg.
- Pauw, Theo. 1941. Ons helde. *Die Huisgenoot*: 27, Oktober 10.
- Pretorius, Fransjohan. 1990. Godsdienstige feesdae op kommando gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 30(2):155-160, Junie.
- Pretorius, Fransjohan. 1990a. Waarom het die "Bittereinders" gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 op kommando gebly? *Historia* 35(1):58-72, Mei.
- Pretorius, Fransjohan. 1991. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad : Human & Rousseau.
- Pretorius, Fransjohan. 1998. *Afrikaner nationalism and the burgher on commando* Paper, "Rethinking the South African War" conference, Unisa, Pretoria, 3-5 August.
- Pretorius, Maj J.L. 1910. Ons Suidafrikaanse militaire tradisie. *Die Brandwag*: 7-8, Jun. 14; 69-72, Jun. 28; 104-106, Jul. 15; 143-145, Aug. 1; 205-209, Sept. 1.
- Reitz, Deneys. 1929. *Commando: a Boer journal of the Boer War*. London : Faber & Faber.
- Rompel, Frederik. 1941. Oktober 1899. *Die Huisgenoot*. 31, 33, Nov. 28.
- Rosenthal, Eric. 1946. *General De Wet: a biography*. Cape Town : Unie-Volkspers.
- Slier, J. Gysbert. 1932. *Pagal*. Pretoria : De Bussy.
- Smith, J.A. 1938. 'n Jeugdige Boerekommandant. 'n Kransie op sy graf na 37 jaar. *Die Huisgenoot*: 27, Nov. 18.
- Standertonner. 1935. 'n Beroemde slagveld: Bakenlaagte – 30 Oktober 1901. *Die Huisgenoot*. 63, Feb. 15.
- Steyn, J.C. 1998. Van Wyk Louw 'opper twyfel in 'n tyd toe dit gevrees is'. Uittreksel uit J.C. Steyn se biografie, *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal in Beeld*, 24.11.1998.
- Strydom, C.J. Scheepers (samest.) 1974. *Die Afrikaner en sy kultuur. Deel II – Spieëlbeeld Oorlog 1899-1902*. Kaapstad : Tafelberg.
- Totius (Du Toit, J.D.) 1908. *Bij die monument*. Potchefstroom : Westen-Drukkerij.
- Tylden, Maj. G. 1946. Die Boer se vegsuitrusting (1816-1901). *Die Huisgenoot*. 7, 51, Maart 8.
- Van Bruggen, Jochem. 1916. *Teleurgestel*. Pretoria : Van Schaik.
- Van der Merwe, Chris. 1998. Afrikaans fiction on the Anglo Boer War. Paper, Conference on "Rethinking the South African War", Unisa, Pretoria, 3-5 August.
- Van der Merwe, N.J. 1929. *Die burgemeester van Sannaspos*. Bloemfontein : Nasionale Pers.
- Van der Schyff, P.F. (red.) 1991. *Die Ossewa-Brandwag: vuurtjie in droë gras*. Potchefstroom : Geskiedenisdepartement PU vir CHO.
- Van Jaarsveld, F.A. 1984. *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede. Geskiedenisideologie en die historiese skuldvraagstuk*. Johannesburg : Lex Patria.
- Van Jaarsveld, F.A., Dreyer, Nic en Van der Merwe, B.J. 1973. *Nuwe geïllustreerde geskiedenis, St. 6*. Johannesburg : Perskor.
- Van Schoor, M.C.E., Malan, S.I. & Oberholster, J.J. (samest.) 1954. *Christiaan Rudolph de Wet, 1854-1922*. Bloemfontein : Nasionale Vrouemonumentkommissie

- Van Tonder, Robert. 1967. *Die stryd duur voort!* Johannesburg : Die Gesuiwerde Nasionaliste.
- Van Wyk, Eugène C. 1920. Lewensskets Christiaan Frederik Beyers. *Die Huisgenoot*. 75-77, Jul.
- Van Wyk, Eugène C. 1920a. Lewensskets Christiaan Frederik Beyers, II. *Die Huisgenoot*. 109, 115, Aug.
- Van Zyl, Ia. 1982. Resensie van Magersfontein, o Magersfontein!, *Die Suidwester*, 29 11.76. In: Malan, Charles (red.) *Die oog van die son. Beskouings oor boeke en werke van Etienne Leroux*. Pretoria : Academica. p. 294-296.
- Viljoen, B.J. 1902. *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog*. Amsterdam : Versluys.
- Visagie, L.A. 1932. *Terug na kommando. Avonture van Willie Steyn en vier ander krygsgevangenes*. Kaapstad : Nasionale Pers.
- Wheeber, E.J. 1933. Wie was die held van Spioenkop? *Die Huisgenoot*: 19, 63, 65, Des 22.
- Wheeber, E.J. 1934. Pres. Reitz op kommando. *Die Huisgenoot*. 23, 83, Jul. 13.
- Wheeber, E.J. 1935. My vuurdoop by Dundee. Verreikende gevolge van daardie noodlottige veldslag. *Die Huisgenoot*: 19, 65, Jul. 5.

